

Gesamentlike
Uitvoerende
Owerheid
vir

Kwagulu

en

Natal

(GLO)



Gesamentlike
Uitvoerende
Owerheid
vir
KwaZulu
en
Natal
(GUO)



LIBRARY CENTRE
University of Durban-Westville
ACCESSION NO. 1037/28

Gepubliseer deur die Buro vir Inligting,
Privaatsak X745, Pretoria 0001.
Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika
vir die Staatsdrukker, Pretoria,
deur CTP Boekdrukkers, Parow.

ISBN 07970 1226 5



Durban se manjifieke Stadsaal waar die GUO vir Kwa-Zulu en Natal ingesweer is

GESAMENTLIKE UITVOERENDE OWERHEID VIR KWAZULU EN NATAL (GUO)

'n Gebeurtenis van groot belang in die grondwetlike geskiedenis van Suid-Afrika het op 3 November 1987 in Durban plaasgevind. Dit was die formele instelling van die Gesamentlike Uitvoerende Owerheid (GUO) vir KwaZulu en Natal, toe verteenwoordigers van al vier die bevolkingsgroepe vir die eerste keer as gelykes saamgesnoer is in 'n regeringsinstelling vir die behartiging van sake wat die belange van al die mense van Natal en KwaZulu raak.

Hierdie brosjure skets die agtergrond en betekenis van die gebeurtenis en stel die tien lede—wat al vier bevolkingsgroepe verteenwoordig—van die eerste GUO bekend. Dit belig ook die vernaamste punte wat deur die sprekers, onder wie die Staatspresident, mnr P W Botha, gemaak is.

Die GUO vir KwaZulu en Natal is op 7 Augustus 1987 deur proklamasie tot stand gebring ingevolge die bepalings van die Wet op die Gesamentlike Uitvoerende Owerheid vir KwaZulu en Natal, 1986 (Wet 80 van 1986).

Die funksies en verantwoordelikhede van die GUO word beskryf in artikels 6 en 7 van die wet. Dié owerheid sal bevoeg wees om enige mag, plig of funksie waartoe hy gemagtig is, uit te oefen of enige wet wat deur die Staatspresident op skriftelike versoek van die Administrateur van Natal of die Hoofminister van KwaZulu aan hom toevertrou is, te administreer.

Die GUO kan ook by die Administrateur en/of die Hoofminister aanbevelings doen oor sake soos die wysiging van enige wet of bepalings in die wet, selfs oor 'n wet wat nie aan die GUO oorgedra is nie, en oor sake wat volgens die oordeel van die GUO aan hom oorgedra moet word, asook oor enige ander onderwerp waarvoor die GUO meen hy met vrug kommentaar kan lewer.

Die GUO kan ook in 'n koördinerende hoedanigheid tussen die twee regeringsliggame optree in enige saak waarin hulle belang het. Daarbenewens kan die

GUO optree as 'n agent of gevolmagtigde van albei administrasies. In die uitoefening van hierdie funksies kan die GUO saamwerk met enige persoon of liggaam, met inbegrip van die administrasies van Natal en KwaZulu.


Die GUO sal oor sy eie gesamentlike inkomstefonds beskik waartoe bydraes uit die Staatsinkomstefonds (as 'n debiet teen die Diensrekening van die Natalse Provinsie) en uit die Inkomstefonds vir KwaZulu gemaak sal word. Nóg met die Wet nóg met die proklamasie word 'n nuwe burokrasie beoog. Die GUO sal die huidige staatsdiens van die regering van KwaZulu en die Natalse Provinsiale Administrasie en ander bestaande agentskappe gebruik vir die uitvoering van sy funksies.

Artikel 8 van die wet bepaal dat die GUO 'n hoofuitvoerende amptenaar aanwys uit die geledere van amptenare wat deur die regering van KwaZulu en Natal tot die beskikking van die GUO gestel word. Dié beampte sal sorg dat die GUO se besluite deur die aangewese staatsdepartemente of agentskappe uitgevoer word. Hy sal ook as rekenpligtige beampte van die gesamentlike inkomstefonds optree.

Ingevolge die proklamasie moet die GUO elke jaar minstens ses gewone vergaderings hou. Voorsiening word ook gemaak vir spesiale en noodvergaderings. Al die lede wat ook lid moet wees van óf die KwaZulu-kabinet óf die Natalse Uitvoerende Komitee, word aangewys vir 'n ampstermyn van vyf jaar en die kworum by enige vergadering moet bestaan uit drie lede van die KwaZulu-kabinet en drie van die Natalse Uitvoerende Komitee.

Die GUO se besluite sal op die grondslag van konsensus geneem word. Die proklamasie bepaal dat daar oor elke aangeleentheid waaroor 'n vergadering moet besluit, beslis moet word deur 'n resoluëie wat, ná debatvoering daaroor, deur die voorsitter geformuleer en sonder teenstem aanvaar is. In die geval van 'n dispuut word die saak vir arbitrasie na die Hoofminister en die Administrateur verwys.

Die GUO is gemagtig om vaste komitees aan te



Die uitgelese gehoor wat die plegtigheid bygewoon het, het die belangrikheid van die geleentheid vir Natal en die res van Suid-Afrika weerspieël. Onder die uitgenooide gaste was die Staatspresident, mnr P W Botha; Koning Goodwill Zwelethini van die Zoeloes en ander lede van die vorstehuis; dr Mangosuthu Buthelezi, Hoofminister van KwaZulu; mnr R M Cadman, Administrateur van Natal; mnr J C Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning; dr G van N Viljoen, Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp; en ander ministers en adjunk-ministers van die RSA en die KwaZulu-kabinet, asook die voorsitter van die Ministersrade van die Raad van Verteenwoordigers en die Raad van Afgevaardigdes, en die Administrateurs en van die lede van die Uitvoerende Komitees van die ander provinsies.

Die tien lede van die GUO is dr O D Dhlomo, kaptein S H Gumede, dr D R B Madide, dr F T Mdlalose en mnr E S C Sithebe (lede van die regering van KwaZulu); en mnre V A Volker, A G Joosab, C J Pierce, P M Miller en S Naidoo, lede van die Natalse Uitvoerende Komitee. ('n Kort lewenskets van elkeen van die lede verskyn elders in die brosjure).

Die eerste optrede van die GUO was die verkiesing van 'n voorsitter en ondervoorsitter uit eie geleedere. Dr. Oscar Dhlomo, Minister van Onderwys en Kultuur in die Kabinet van KwaZulu en Sekretaris-Generaal van Inkatha, is eenparig tot voorsitter verkies en mnr Tino Volker, voormalige LV vir Kliprivier en senior lid van die Natalse UK tot ondervoorsitter.

Die hooggeplaastes en die GUO is daarna toespraak deur (in volgorde) die pas verkose voorsitter en ondervoorsitter van die GUO, Staatspresident Botha, Hoofminister Buthelezi van KwaZulu en mnr Cadman, Administrateur van Natal. (Geredigeerde weergawes van hul toesprake kom elders in die brosjure voor).

Al die sprekers het verwys na die betekenis van die geleentheid. Dit is die eerste regeringsinstelling wat in Suid-Afrika op die been gebring is waarin verteenwoordigers van die Blanke, Swart, Kleurling- en

Indiërgemeenskappe as gelykes op administratiewe en uitvoerende vlak byeen sal kom om aandag te gee aan sake wat die belange van al die gemeenskappe van een van die vier provinsies van Suid-Afrika raak. Die Kleurling- en Indiërgemeenskappe het 'n aandeel in die nuwe administrasie omdat die pas aangestelde Natalse Uitvoerende Komitee een Kleurling en twee Indiërs as lede het. Al drie was aangewese lede van die eerste GUO.

Bowendien het vooraanstaande lede van die Regering, ook die Staatspresident, die moontlikheid geopper van soortgelyke gesamentlike regeringsinstellings in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, wat binne hul grense selfregerende gebiede het. Kort na die instelling van die GUO het die Administrateur van Transvaal, mnr Willem Cruywagen, gesê dat sulke gesamentlike uitvoerende owerhede in dié provinsie tot stand gebring kan word. Die owerhede sal bestaan uit verteenwoordigers van die Transvaalse Uitvoerende Komitee en lede van die kabinette van KwaNdebele, Gazankulu, Lebowa en KaNgwane, die vier selfregerende gebiede in Transvaal.

Agtergrond

Skakeling en samewerking tussen die Natalse Provinsiale Administrasie en die regering van KwaZulu het 'n lang geskiedenis. Dit gaan in der waarheid terug tot 1975 toe die destydse Natalse Uitvoerende Komitee verteenwoordigers van die KwaZulu-regering uitgenooi het om in die Natalse Advieskomitee te dien saam met verteenwoordigers van die Indiër- en Kleurlinggemeenskap.

'n Aantal belangrike sosiaal-ekonomiese en ander oorwegings het tot hierdie skakeling gelei. Soos die Staatspresident dit in sy toespraak gestel het, was daar nog altyd 'n groot mate van geografiese, demografiese en sosiaal-ekonomiese interafhanklikheid tussen Natal en KwaZulu. Al die vernaamste riviere en paaie loop byvoorbeeld deur die twee gebiede, terwyl baie duisende Zoelowerkers bedags uit hul huise in

KwaZulu in die nywerheidsgebiede van Natal gaan werk. Die lone wat aan hierdie werkers betaal word, onderhou baie gesinne in selfs die mees afgeleë dele van KwaZulu. Insgelyks het die nywerhede van die metropolitaanse gebied Durban-Pinetown die arbeid van hierdie Zoelowerkers nodig.

Die streek ondervind groot sosiaal-ekonomiese probleme soos werkloosheid, armoede en wanvoeding, wat eerder opgelos sal word deur nuwe, gekoördineerde optrede as deur geringe aanpassings deur een of albei administrasies afsonderlik. Dit is voor die hand liggend dat gekoördineerde optrede die doeltreffendheid sal bevorder en die koste van enige program wat daarop gemik is om hierdie en ander probleme te verlig, sal verminder.

Aansporing vir nouer samewerking was ook die oortuiging dat plaaslike gemeenskappe groter geleentheid gebied moet word om hul eie oplossings vir hul probleme te vind op grond daarvan dat diegene wat regstreeks betrokke is, hul streek die beste ken en die beste toegerus is om hul dringendste probleme aan te pak.

Nadat die Natalse Provinsiale Raad geweier het om deel te hê aan die Verslag van die Buthelezi-kommissie (1982), het die KwaZulu-regering sy verteenwoordigers aan die Natalse Advieskomitee onttrek wat toe opgehou het om te funksioneer. Samewerking tussen die twee owerhede het feitlik tot stilstand gekom. Maar met die oog op die dringende noodsaaklikheid aan nouer samewerking onder die heersende sosiaal-ekonomiese toestande, het die Natalse Provinsiale Administrasie se Kommissie vir Dorp- en Streekbeplanning begin met 'n navorsingsprojek vir die toekoms van die KwaZulu-Natalstreek op die medium en lang termyn.

Dié navorsingsprojek het uitgeloop op die Ulundi-ooreenkoms van Oktober 1984 wat tussen die regering van KwaZulu en die Uitvoerende Komitee van Natal aangegaan is en voorsiening gemaak het vir twee gesamentlike ontwikkelingskomitees, naamlik die Strategiese Beleidsgroep van KwaZulu en Natal en

die Natal-KwaZulu-werkgroep. Eersgenoemde het 'n forum voorsien aan politieke verteenwoordigers van die twee administrasies om sake van gemeenskaplike belang op 'n strategiese beleidsvlak te bespreek. Die Werkgroep, bestaande uit senior lede van die KwaZulu-regering en beamptes van die Natalse Provinsiale Administrasie, het die Beleidsgroep geadviseer oor praktiese maniere van samewerking tussen die twee administrasies en hoe om die dringendste sosiaal-ekonomiese en omgewingsprobleme van die streek te verlig.

Die skakelwerk het 'n wye spektrum van bedrywighede gedek, waaronder paaie, padverkeer, beplanningsake, gesondheidsdienste, omgewingsbewing, openbare biblioteke, museums, beveiligingsmaatreëls teen haaië, rekenarisering van administratiewe funksies en die verskaffing van ingenieursdienste. Skakelkomitees is op alle terreine saamgestel om die Werkgroep by te staan.

Ofskoon hierdie soort informele samewerking baie positiewe resultate opgelewer het en 'n aansienlike vrywillige verpligting op die deelnemers geplaas het, het dit mank gegaan aan die sekerheid en blywendheid wat 'n statutêre liggaam op die lang termyn bied. Albei partye het gevoel dat dit nodig is as grondslag vir die oplossing van die streek se probleme.

Gevolglik het die Provinsiale Raad van Natal op 13 Junie 1985, 'n mosie aanvaar waarin die sentrale regering gevra is om 'n statutêre struktuur tot stand te bring wat as skakel tussen die Natalse en KwaZulu-Administrasies moes dien met betrekking tot sake van gesamentlike belang. Terselfdertyd het die raad versoek dat onderhandelinge met die regering van KwaZulu moet voortgaan.

In antwoord op die mosie het die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning voorgestel dat die Provinsiale Raad en die regering van KwaZulu die saak ondersoek en konkrete voorstelle aan die Regering voorlê.

Op 11 Maart 1986 is die voorstelle deur 'n afvaardiging bestaande uit, onder andere, die Hoofminister

van KwaZulu en die administrateur van Natal, aan die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, mnr J C Heunis, oorhandig. Die Minister is gevra om wetgewing by die Parlement in te dien wat die weg sou voorberei vir 'n statutêre struktuur om samewerking tussen die twee administrasies op 'n blywender grondslag voort te sit en te ontwikkel.

Hy het ingewillig en die Wet op die Gesamentlike Uitvoerende Owerheid vir KwaZulu en Natal, 1986 (Wet 80 van 1986) is deur die Suid-Afrikaanse parlement aangeneem en op 3 September 1986 afgekondig.

Tydens die tweedeleesingsdebat oor wetgewing vir die GUO op 20 Junie 1986 het die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning gesê: *'Die voorgestelde Gesamentlike Uitvoerende Owerheid bied 'n gestruktureerde basis waarop verdere onderhandelinge voortgesit kan word en besluitneming trouens op streekvlak kan plaasvind. Ek beskou dit as 'n belangrike stap nader aan 'n meer gestruktureerde soort streeksamewerking, asook magsdeling tussen die Swart en Blanke gemeenskappe van Suid-Afrika.'*

Nadat die wetgewing in 1986 deurgevoer is, het die regering van KwaZulu en die Provinsiale Administrasie van Natal, in samewerking met die Departement van Ontwikkelingsbeplanning, 'n stel reëls vir die GUO opgestel. Op 7 Augustus 1987 is die reëls deur die Staatspresident goedgekeur, waarna die GUO amptelik op 3 November 1987 ingewy is.

Met die totstandkoming van die GUO, is die Strategiese Groep ontbind maar die Werkgroep en sy skakelkomitees sal bly funksioneer solank dit nodig is. Die skakelkomitees en die Werkgroep sal voortgaan om aan die GUO die kanaal te verskaf vir koördinasie tussen die twee owerhede.

Geredigeerde weergawes van die toesprake

Staatspresident P W Botha

'Ek wil die Hoofminister en sy Kabinet en die Administrateur en sy Uitvoerende Komitee gelukwens met die bewyslewing van die soort samewerking wat tussen uitvoerende owerhede in die land behoort te bestaan. Ek wil hulle gelukwens met hul vordering met die institusionalisering van streeksamewerking. Ek aanvaar dat dit 'n eksperiment is wat hom in die toekoms sal moet aanpas en sy eie probleme sal uitstryk, maar ek is daarvan oortuig dat, gesien die positiewe houding aan albei kante, die eksperiment kan slaag.'

So het die Staatspresident sy steun toegesê aan die pas gestigte Gesamentlike Uitvoerende Owerheid vir KwaZulu en Natal. Hy het daaraan toegevoeg dat daar 'n toenemende behoefte aan soortgelyke ondernemings in Transvaal en die Oranje-Vrystaat bestaan. *'Die bestaande goeie betrekkinge tussen die betrokke partye kan net verbeter word deur onderhandeling en samewerkende strukture en prosesse wat elkeen se onderskeie en unieke omstandighede pas.'*

Mnr Botha het sy rede begin met verwysing na die vloedramp wat KwaZulu en Natal in Oktober verlede jaar getref het. Dit, het hy gesê, is 'n bevestiging van die delikate interafhanklikheid van die mense van die streek, ongeag politieke, rasse-, godsdiens- en ander verskille. Die ramp op sigself en noodleniging na die ramp, het die mense verskeie lesse geleer—

- Die hele mensdom is afhanklik van God, die Almagtige
- Ons het baie gemeenskaplike belange. Ons moet hierdie feit aanwend tot ons gemeenskaplike voordeel
- Die verskillende gemeenskappe kan saamwerk. Hulle moet eibelange ondergeskik maak aan gemeenskaplike oogmerke.

Met verwysing na die GUO het mnr Botha gesê dat

in die lig van die geografie, demografie en sosiaal-ekonomiese interafhanklikheid van KwaZulu en Natal, hul regeringsinstellings 'n positiewe geskiedenis het en 'n goeie rekord van onderhandeling, samewerking en onderlinge hulpverlening.

'Ek het my daaraan toegewy om voortdurende goeie gesindheid en 'n positiewe benadering tussen alle gemeenskappe, streke en instellings in ons land en Suider-Afrika te bevorder.' Dus, het mnr Botha gesê, kan die Suid-Afrikaanse regering die voorstelle wat in Maart 1986 aan hom voorgelê is vir 'n formele struktuur van gesamentlike uitvoerende optrede tussen KwaZulu en Natal heelhartig steun.

Die Regering se standpunt is dat die GUO 'n politieke en administratiewe organisasie is wat 'n hoogs noodsaaklike weerspieëling is van 'n sosiaal-ekonomiese feit, naamlik die interafhanklikheid van KwaZulu en Natal. Die GUO sal die gesamentlike en onderskeie vermoëns van Natal en KwaZulu grootliks verhoog om die uitdagings wat op hulle wag, die hoof te bied. Dit sal ook die proses van desentralisering en privatisering bevorder.

Vrywillige samewerking op uitvoerende, administratiewe en tegniese gebied tussen owerhede van verskillende streke verhoog die lonendheid en doeltreffendheid van dienste. In die huidige ekonomiese situasie van Suid-Afrika met sy besondere ekonomiese behoeftes aan ontwikkeling moet alle pogings aangewend word om gebruik van skaars hulpbronne te benut.

Mnr Botha het gesê dat dit oral in die wêreld al hoe duideliker word dat regerings weens praktiese redes nader aan die mense self gebring moet word sodat hulle meer regstreeks betrokke kan wees by sake wat hulle raak. Die kern van goeie regering is die kuns van effektiewe administrasie en bestuur.

Die Suid-Afrikaanse regering is derhalwe verbind tot die desentralisasie van mag van die sentrale na die laer vlakke en tot 'n gesamentlike privatiseringsprogram. Sodanige desentralisering en privatisering sal op doelmatiger wyse voldoen aan die uiteenlopende

behoefte van die verskillende gemeenskappe op plaaslike en streeklak. Doeltreffende plaaslike bestuur is inderdaad die grondslag vir demokratiese regering.

Die proses om regeringsfunksies na provinsiale administrasies te desentraliseer het reeds begin, terwyl wetgewing om die magte van die selfregerende gebiede te vermeerder vroeg in 1988 aan die Parlement voorgelê sal word. Hierdie ontwikkelings beklemtoon die belangrikheid wat die Suid-Afrikaanse regering aan die uitbreiding van plaaslike bestuur heg. *'Die GUO vir KwaZulu en Natal versterk die proses verder en geniet dus die volle steun van die Suid-Afrikaanse regering.'*

Mnr Botha het sy regering se verbintenisse tot voortgesette maatskaplike, ekonomiese en grondwetlike hervorming herbevestig. Die regering sal die basiese regte van individue en gemeenskappe beskerm. Alle regte impliseer egter ook verantwoordelikhede en



President P W Botha spreek die hoogeplaaste gaste toe wat vergader het vir die inhuldiging van die Gesamentlike Uitvoerende Owerheid van KwaZulu en Natal (GUO). Regs sit mnr R Cadman, Administrateur van Natal en mev Cadman, en dr Mangosuthu Buthelezi, Hoofminister van KwaZulu en sy vrou Prinses Irene

pligte. *'As regte erken en beskerm word, moet daar ook aanvaar word dat dit die verantwoordelikheid meebring om nie inbreuk te maak op die regte van andere nie. Dit is goeie buurskap.'*

Die Staatspresident het gesê hy glo dat diegene wat teenwoordig is, bymekaar gebring is deur een oorheersende, gemeenskaplike belang—die algemene welsyn van Suid-Afrika en sy inwoners. *'Ek is daarvan oortuig dat ons 'n visie deel van 'n vreedsame en voorspoedige Suid-Afrika, gekenmerk deur welwillendheid en toewyding in 'n gees van goeie buurskap.'*

Die Regering se hand word in sy optrede gesterk deur leiers wat hulle openlik teen geweld uitspreek as 'n metode om politieke oogmerke te bereik. Hul verbintenis tot onderhandeling is bewys dat hulle ook verbind is tot geregtigheid en ordelike regering.

Dr M G Buthelezi, Hoofminister van KwaZulu en President van Inkatha

Hoofminister Buthelezi het die instelling van die GUO beskryf as *''n stap in die regte rigting'* en iets wat op betekenisvolle wyse sal bydra om te sorg dat die politiek van onderhandeling oor die politiek van konfrontasie en geweld seëvier.

Ter uitbreiding van hierdie tema, het dr Buthelezi gesê hy hoop dat die GUO die eerste van 'n aantal stappe sal wees wat sal lei tot 'n effektiewer administrasie in 'n situasie waar alle rassegroepe ten volle met mekaar versoen sal wees. Konsensuspolitiek moet in alle toekomstige onderhandelinge op alle vlakke oorheers.

Geen enkele party moet probeer om sy menings en persepsies aan die ander partye op te dwing nie. *'Ons as Suid-Afrikaners het gehoor dat ons Staatspresident die geskiedkundige verklaring doen dat ons almal Suid-Afrikaners is.'*

Hoofminister Buthelezi het hom na die Staatspresident gewend en gesê dat hy dit in die openbaar op re-



Hoofminister Buthelezi van KwaZulu lewer sy toespraak. Regs van hom sit dr G van N Viljoen, Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, en mev Viljoen

kord wil stel dat hy mnr Botha erken as die Suid-Afrikaanse staatshoof wat meer as enige van sy voorgangers gedoen het om Suid-Afrika op die pad van hervorming te plaas. *'Onder u leiding is daar nou 'n mate van vooruitsig op 'n vreedsame oplossing vir Suid-Afrika se probleme.'*

Die historiese tyd vir betekenisvolle verandering in Suid-Afrika het aangebreek en dit is nog nie te laat om hierdie oomblik aan te gryp en 'n gedeelde vreedsame toekoms tegemoet te gaan waarin gelyke grondwetlike regte tot voorspoed vir almal sal lei nie.

'Daar is 'n wedloop teen die tyd terwyl gewelddadige emosie bots met redelikheid en welwillendheid. Die bestemming van ons land is in die weegskaal en 'n demokratiese toekoms kan nie meer verseker word deur net een rassegroep op sy eie nie. Dit kan net bereik word deur wysheid te deel en verdraagsaamheid en begrip vir mekaar te kweek.'

Kaptein Buthelezi het voorts aan die hand gedoen dat 'n nuwe gelofte tussen Swart en Blank in Suid-Afrika gesluit moet word om 'n herhaling van tragedies soos die moord op Piet Retief en die Slag van

Bloedrivier in die toekoms te voorkom.

'Suid-Afrika is meer as net in naam Christenland. Selfs al is dit 'n land van feilbare Christene wat nog nie 'n manier gevind het om werklik nasionale versoening teweeg te bring nie is dit nietemin 'n Christenland. Dit is 'n land van hoop waarin sterk magte streef na die soort verandering waaroor nie een van ons skaam hoef te wees nie. Die instelling van die GUO het reeds getoon in hoeverre Swartes, Blankes, Indiërs en Kleurlinge na vore kan tree sonder dat hulle deur ons onstuimige geskiedenis nadelig geraak word.'

Met verwysing na die KwaZulu-Natal-Indaba het kaptein Buthelezi gesê dat hy glo dat hierdie soort oplossing vir Suid-Afrika se probleme ideaal is juis omdat dit nie die ideaal van enige politieke party verteenwoordig nie. *'Ons het getoon dat dit moontlik is om 'n kompromis aan te gaan sonder om verneder te word en sonder om die waardes wat ons koester op te offer. Die Indaba-voorstelle kan verbeter word deur 'n buigsame benadering van kompromie en gee en neem, maar hulle kan nie skade aangedoen word nie.'*

Die instelling van die GUO is 'n betekenisvolle historiese geleentheid vir Suid-Afrika waarin die mag van konsensuspolitiek verskille in mening en eise oorwin het. *'Ons het almal ons menings oor wat eerste moet volg en ons in hierdie streek het 'n ver pad gekom na die volgende stap wat daarop sal uitloop dat die meerderheid van die mense regeer sal word soos hulle graag regeer wil word.'*

Mnr R M Cadman, Administrateur van Natal

'Dit is 'n historiese geleentheid vir Natal en vir Suid-Afrika,' het mnr Cadman in sy toespraak gesê. *'Dit is die eerste keer dat 'n grondwetlike struktuur ingestel is waarin Swartes en ander as gelykes bymekaar sal kom en besluit oor gesamentlike sake van administrasie wat voor hulle sal dien.'*

Dit is inderdaad die begin van die benadering van

werklike magsdeling in Natal, het mnr Cadman gesê.

Nadat hy die geskiedenis van die skakeling en onderhandelinge tussen die Provinsiale Raad en die Administrasie van Natal en die regering van KwaZulu geskets het, het hy gesê dat die GUO aan die begin beperkte juridiese bevoegdheid sal hê, maar dit hou groot belofte in vir die toekoms. Na drie jaar se onderhandelinge word 'n nuwe era van grondwetlike ontwikkeling betree en 'n nuwe vorm van regering tot stand gebring.

Een van die vernaamste take van die GUO sal wees om die mense se vertroue in die nuwe stelsel van samewerkende regering te verkry. Vinniger vordering sal daarna gemaak kan word.

Mnr Cadman het dit benadruk dat die GUO nie 'n nuwe burokrasie beteken nie. Die administratiewe funksies wat aan die GUO toevertrou word, sal deur die provinsiale dienste van Natal en KwaZulu en ander bestaande agentskappe uitgevoer word, ook funksies van statutêre liggame. Wanneer so 'n funksie eenkeer deur die regering van KwaZulu en die Natalse Provinsiale Administrasie aan die GUO oorgedra is, sal daardie funksie ophou om die verantwoordelikheid te wees van enigeen van die administrasies, en net deur die GUO uitgevoer word.

'Die GUO is nou 'n werklikheid. Hy het begin fungeer en dit is belangrik om hierdie inisiatief verder te voer. As dit 'n sukses is en daar getoon kan word dat Zoeloe en nie-Zoeloe kan saamwerk in 'n vertakking van regering, dink net hoe dit kan bydra tot die ideaal van 'n gesamentlike wetgewende gesag vir KwaZulu en Natal.'

'As dit egter sou blyk dat dit nie slaag nie omdat Zoeloe en nie-Zoeloe nie kan saamwerk nie, sal die pad na 'n gesamentlike wetgewende vergadering baie moeiliker wees.'

Die GUO sal 'n belangrike proefterrein wees. Daar sal onvermydelik verskille in klem en benadering wees. Sommige terreine en verantwoordelikhede sal maklik wees, ander baie moeiliker. Al sou dit al wees, sal die GUO die funksies uitwys waar 'n gemeenskap-

like benadering wenslik is en ook dié waar so 'n benadering nie sal slaag nie.

Mnr Cadman het ter afsluiting gesê dat hy en baie ander die groei van die GUO met belangstelling en goeie geloof sal volg. Hy wens al die lede die beste toe.

Dr O D Dhlomo, eerste voorsitter van die GUO

In sy dankbetuiging aan almal wat saamgewerk het om die droom van 'n gesamentlike uitvoerende owerheid vir KwaZulu en Natal werklikheid te maak, het dr Dhlomo die Staatspresident, wat met sy handtekening die magtigingswetgewing tot wet gemaak het, bedank. *'Danksy die Staatspresident se positiewe gesindheid in dié opsig kan ons vandag sê dat die GUO moontlik die eerste grondwetlike eksperiment in ons land is wat met die steun van die Regering, sy oorsprong by die mense self het.'*



Dr Oscar Dhlomo spreek die Gesamentlike Uitvoerende Owerheid toe kort nadat hy verkies is as voorsitter

Dr Dhlomo het ook hulde gebring aan die vorige lede van die Natalse Provinsiale Raad, die eerste vennote met wie onderhandel is toe die gedagte van die

GUO ontstaan het en die lede van die huidige genomineerde uitvoerende owerheid wat die konsep konsekwent gesteun het. Hy het ook hulde gebring aan hoofminister Buthelezi van KwaZulu wat hierdie *'eksperiment in streeksamewerking'* gesteun het en deurgaans die saak van onderhandeling en vreedsame oplossing bepleit het, *'soms met groot politieke en persoonlike opoffering.'*

Mnr V A Volker, eerste adjunk-voorsitter van die GUO

Mnr Volker het gesê dat die nuwe samewerkingstrukture waardeur die gemeenskaplike belange van KwaZulu en Natal deur verantwoordelike gesamentlike besluitneming op 'n gereelde grondslag, 'n belangrike stap is tot die bouwerk aan die toekoms met onderlinge verstandhouding en vertroue.

'Samewerking beteken nie dat ons altyd eensgesind en eenstemmig sal wees oor alle sake nie. Maar dit beteken wel dat ons albei aanvaar het dat dit noodsaaklik is om gemeenskaplike oplossings in 'n gees van welwillendheid na te streef.'

'Die sukses wat ons behaal sal die fondament wees vir 'n beter toekoms vir die mense van KwaZulu en Natal en, wie weet, moontlik selfs vir mense oorkant ons provinsiale grense.'

Mnr Volker het hulde gebring aan Staatspresident Botha en hoofminister Buthelezi wie se teenwoordigheid luister verleen aan die geleentheid en die betekenis daarvan beklemtoon. Hy het ook hulde gebring aan dr Dhlomo en wyle mnr Frank Martin, voormalige senior lid van die Natalse Uitvoerende Komitee, by wie die voorstelle wat tot die instelling van die GUO gelei het hul ontstaan gehad het.



Die nuut verkose voorsitter van die GUO, dr Oscar Dhlomo (tweede van links) en die ondervoorsitter, mnr Tino Volker (tweede van regs) spreek die pers toe

Curricula vitae

Lede van die Kabinet van KwaZulu

- Dr Oscar Dhlomo (44), minister van onderwys en kultuur, is 'n gegradueerde van die Universiteit van Zoeloland (UZ) en die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Hy het die volgende grade en diplomas verwerf, dikwels met onderskeiding: B.A. (geskiedenis en antropologie), (UZ) 1965; die Universiteitsonderwysdiploma (UZ) 1967; B.A. Hons. (geskiedenis), (Unisa) 1970; B.Ed. (UZ) 1973; M.Ed. (UZ) 1975 en D.Ed. (Unisa) 1980.

Hy het in 1967 begin geskiedenis gee aan die Menzi-hoërskool in Umlazi en is in 1973 aangestel as hoof van die KwaShaka-hoërskool in Umlazi, en dosent in didaktiek aan die Universiteit van Zoeloland in 1974. In Februarie 1978 is hy onbestrede verkies tot lid van KwaZulu se Wetgewende Vergadering vir sy tuisdorp-distrik Umbumbulu. Hy is in dieselfde jaar aangestel as minister van onder-

wys en kultuur in die regering van KwaZulu en verkies tot sekretaris-generaal van die nasionale kultuurbevrydingsbeweging Inkatha. Hy beklee nog albei ampte.

Dr Dhlomo het deelgeneem aan baie nasionale en internasionale konferensies in Suid-Afrika en in die buiteland oor sosiaal-ekonomiese en politieke aangeleenthede, dikwels as die persoonlike verteenwoordiger van kaptein Buthelezi. Dr Dhlomo is getroud en het vier kinders.

- Kaptein S H Gumede (45), minister van werke, het in 1964/65 aan die Opleiding- en Hoërskool Umphumulo in Vryheid gematrikuleer. Die jaar daarop het hy as klerk in die staatsdiens gewerk en later vir die munisipaliteit van Empangeni, voordat hy in Oktober 1969 aangestel is as kaptein van die Qwabe-stam.

Hy is lid van KwaZulu se Wetgewende Vergadering sedert die instelling daarvan in 1970. Hy is een van die twee lede wat deur Hoofminister Buthelezi aangestel is om KwaZulu in die Natalse Parkeraad te verteenwoordig. Hy is ook lid van die sentrale komitee en die binne-raad van Inkatha, asook adjunk-sekretaris-generaal van die beweging. Hy is getroud en het sewe kinders.

- Dr D R Madide (49), minister van binnelandse sake, het die graad B.A. (sielkunde en filosofie) verwerf aan die Universiteitskollege Pius XII (nou die Universiteit van Lesotho) in Roma, Lesotho, nadat hy by Mariannhill, Natal, gematrikuleer het. In 1968 het hy die graad M.B., Ch.B. aan die Mediese Skool van die Natalse Universiteit verwerf. Nadat hy sy tydperk as inwonende arts by die hospitaal King Edward VIII in Durban voltooi het, het hy as medikus gepraktiseer by drie Lutherse sendinghospitale—Ceza waar hy gebore is, Hlabisa en Emmaus in Bergville. In 1973 het hy 'n privaatpraktyk begin by Mtubatuba, waar hy sedert 1953 woon.

In Julie 1975 is dr Madide tot lid van KwaZulu se Wetgewende Vergadering verkies. In Julie 1977 is

hy aangestel as minister van binnelandse sake en in Oktober dieselfde jaar het hy ook verantwoordelikheid aanvaar vir die pas gestigte departement van gesondheid en welsyn. Dr Madide het uitgebreide reise oorsee onderneem vir regeringsake en met studiebeurse. Hy was in 1978 ses weke lank 'n gas van die VSA se departement van buitelandse sake. Hy is getroud en het ses kinders.

- Dr F T Mdlalose (56), minister van gesondheid, het in 1949 by Mariannahill gematrikuleer. Hy het daarna die graad B.Sc. aan die Universiteit van Fort Hare behaal en in 1953 ook die Universiteitsonderwysdiploma daar verwerf. Hy het vyf jaar later die grade M.B., Ch.B. aan die Mediese Skool van die Universiteit van Natal behaal. Nadat hy sy tydperk as inwonende arts by die hospitaal King Edward VIII voltooi het, het hy in 1960 'n privaatpraktyk in Atteridgeville naby Pretoria begin. Twee jaar later het hy sy praktyk na Steadville verskuif waar hy tot 1970 werksaam was toe hy 'n praktyk in Madadeni, KwaZulu, begin het. Hy is in 1978 tot lid van die Wetgewende Vergadering van KwaZulu verkies en as minister van gesondheid aangestel.

Dr Mdlalose is lid van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging, die Raad van die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (Medunsa) by GaRankuwa, en is die nasionale voorsitter van Inkatha, asook 'n lid van die sentrale komitee en voorsitter van die sosiaal-kulturele komitee van die beweging. Hy is ook 'n deeltydse mediese konsultant by die Madadeni-hospitaal, Yskor-hostel, verskeie klinieke in Madadeni en die Madadeni-rehabilitasiesentrum. Hy was van 1972 tot 1977 ook voorsitter van Madadeni se dorpsbestuur. Dr Mdlalose het uitgebreide reise in die buiteland onderneem en was in 1977 'n gas van die VSA se departement van buitelandse sake. Hy is getroud en het vyf kinders.

- Mnr S Sithebe (56), minister van welsyn en pensioene, het in 1968 die graad B.A. aan Unisa verwerf nadat hy etlike jare skoolgehou het. Hy is in

1971 aangestel as hoof van die Sekondêre Skool Sabuyaze en was die eerste organiseerder van kultuur-aktiwiteite van die regering van KwaZulu. Hy is ses jaar later verkies tot lid van die Wetgewende Vergadering as verteenwoordiger van die kiesafdeling Emnambithi.

Mnr Sithebe is 'n stigterslid van Inkhata en is sedert 1985 lid van die sentrale komitee. Hy is getroud en het ses kinders.

Lede van die Natalse Uitvoerende Komitee

- Mnr V A Volker (55) het hom, nadat hy aan die Hoërskool Wartburg-Kirchdorf gematrikuleer het, deur deeltydse studie aan die Universiteit van Natal as rekenmeester bekwaam. Nadat hy die kiesafdeling Umhlatuzana 'n jaar lank in die Natalse Provinsiale Raad verteenwoordig het, het hy dieselfde kiesafdeling van 1966 tot 1970 in die Parlement verteenwoordig. Van 1972 tot 1986 was hy LV vir Kliprivier en is op 1 Julie 1986 in die veelvuldige Natalse Uitvoerende Komitee opgeneem.

Mnr Volker het gedurende sy parlementêre loopbaan verskeie belangrike poste bekleed. Hy was onder meer adjunk-voorsitter van die Kommissie vir Samewerking en Ontwikkeling, adjunk-voorsitter van komitees in die Parlement, voorsitter van die vaste komitee vir Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning en lid van die Komitee vir Minerale- en Energiesake. Hy het ook van 1966 tot 1984 gedien in 'n aantal verkose parlementêre komitees en kommissies oor pensioene, die Grondwet, die Kieswet en Spoorweë en Hawens. Hy was ook lid van verskeie studiegroepe met inbegrip van dié oor Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, Samewerking en Ontwikkeling, Binnelandse Sake, Buitelandse Sake en Vervoer.

Mnr Volker het uitgebreide reise in die buiteland onderneem. Hy is getroud en het ses kinders.

- Mnr A G Joosab is 'n vooraanstaande sakeman in

Durban met belange in verskeie maatskappye. Mnr Joosab was drie jaar lank lid van die tans ontbinde Suid-Afrikaanse Indiërraad en is sedert 1975 lid van Durban-Noord se Komitee vir Plaaslike Sake van Indiërs. Hy is 'n vrederegter vir die stad Durban, is al sewe jaar lank president van die Natal Memon Community en sewe jaar lank onderpresident van die Belastingbetalersvereniging van Indiërs vir Durban-Sentraal. Hy is 'n lewenslange trustee van die Jumma-moskee, die grootste in die suidelike halfmond en 'n stigterslid van die Natalse Indiër-eeufeesstudiebeursfonds.

- Mnr C J Pierce (46) het in 1961 die Natalse Onderwysdiploma aan die Bechet-opleidingskollege verwerf nadat hy in 1959 aan die Hoërskool Little Flower gematrikuleer het. Daarna het hy by verskeie skole vir die Kleurlinggemeenskap in Natal skoolgehou voordat hy in 1976 aangestel is as vise-hoof van die Laerskool Durban East. In hierdie tyd het hy deelyds deur Unisa, die Natalse Universiteit en die Bechet-kollege studeer.

Hy het hom in 1969 by die Arbeidersparty aangesluit en betrokke geraak by gemeenskapsake en plaaslike politiek. In 1976 het hy lid geword van die Komitee vir Plaaslike Sake vir Wyk 5 in Durban. Hy is in 1984 aangestel in die Presidentsraad, waarvan hy lid gebly het totdat hy op 1 Julie 1986 in die nuwe Uitvoerende Komitee van Natal aangestel is. Hy is steeds lid van die Arbeidersparty se komitee vir finansies en administrasie en tesourier van die Natalse streek van die party.

- Mnr P M Miller (46) het in 1966 die graad M.Sc.Agric. met lof aan die Universiteit van Natal behaal nadat hy aan Maritzburg College gematrikuleer het. In die latere jare van sy studie was hy 'n vakkundige beampte in die Departement van Landbou en in beheer van die Kokstadse landbou-navorsingstasie. In 1969 het hy 'n suksesvolle versekerings- en eiendomsonderneming in Kokstad begin waar hy tans die besturende direkteur is van 'n saak wat trekkers en landboumasjinerie verkoop. Hy het van

1970 tot 1980 gedien as sekretaris van Griekwaland-Oos se Boerevereniging, Wolkwekersvereniging en Streekontwikkelingsvereniging.

Hy is in 1979 tot die Natalse Provinsiale Raad verkies en het in 1981 hoofswep van die Nuwe Republiekparty se kookus in die raad geword. Hy het ook gedien as voorsitter van verskeie gekose komitees en is aangestel in die Natalse Dorp- en Streekbeplanningskommissie. Hy is ook geregistreer as 'n volwaardige waardeerder en is aangestel as 'n waardeerder van die Natalse Afdeling van die Hooggeregshof. Mnr Miller is getroud en het twee kinders.

- Mnr S Naidoo (67) het die grade B.A. en B.Ed. (1957) aan die Natalse Universiteit verwerf en was onderwyser by verskeie skole in Zimbabwe en Natal voordat hy hoof geword het van verskeie primêre en sekondêre skole in Natal. Mnr Naidoo, 'n stigterslid van die Natalse Onderwysersvereniging, was ook 'n aktiewe lid van die Onderwysersvereniging van Suid-Afrika.

Hy was tesourier van die Belastingbetalersvereniging van Malvern en Distrik en het gedien in die Ladysmithse Munisipale Vereniging, die Belastingbetalersvereniging van Stanger en Craigieburn se Advieskomitee. Hy het ook gedien in verskeie gemeenskaps-, kultuur en welsynverenigings, waaronder die Kultuurvereniging van die Noordkus en in verskeie godsdienstige verenigings. Mnr Naidoo is lid van die Beheerraad vir Landboukrediet en 'n vrederegter vir die streek Laer Tugela.